



VAK EN GRAAD	Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 10
KW 2	Week 1
ONDERWERP	Taalstrukture: Selfstandige naamwoord en Voornaamwoord
INLEIDING	<p>'n Selfstandige naamwoord (s.nw.) is 'n woord waarmee 'n mens iemand of iets benoem, byvoorbeeld , <i>leerder , olifant , boot , liefde , Japan , ens.</i></p> <p>'n Voornaamwoord (v.nw.) word in die plek van 'n selfstandige naamwoord gebruik , byvoorbeeld , <i>hy , sy , julle , wie , daardie , waarop , ens.</i></p>
INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE)	<p>Selfstandige naamwoord (s.nw.)</p> <p>Selfstandige naamwoorde word in ses kategorieë ingedeel:</p> <ol style="list-style-type: none">1. Soortname : <i>man , dogter , land , berg , ens.</i>2. Eiename : <i>Tsepho , Susan , Suid-Afrika , Tafelberg , ens.</i>3. Abstrakte s.nwe. : <i>liefde , blydschap , hoogmoed , ens.</i>4. Versamelname : 'n <i>skool visse , 'n bos blomme , 'n bondel wasgoed , ens.</i>5. Maatname : 'n <i>bottel melk , 'n koppie meel , ens.</i>6. Massaname : <i>goud , sand , water , ens.</i> <p>Hoe ken ek 'n selfstandige naamwoord uit ?</p> <ul style="list-style-type: none">• Kan die of 'n vooraan kry• Meervoud : <i>badkamers , foto's , reënjasse , beddens , kinders , hoofde , ligte , pa's , oumas</i>• Verkleining : <i>tuintjie , liedjie , dorpie , slangetjie , wurmpie , kettinkie , koninkie , woninkie</i>• Geslag : <i>onderwyser - onderwyseres , skrywer - skryster , bibliotekaris - bibliotekaresse</i>• Kan konkreet of abstrak wees <p>Voornaamwoord (v.nw.)</p> <ul style="list-style-type: none">• Persoonlike voornaamwoord = <i>ek; jy; hy; sy; dit; ons; julle; hulle</i>• Besitlike voornaamwoord = <i>my/myne; sy/syne; haar/hare; ons; julle; hulle s'n</i>• Betreklike voornaamwoord = <i>wat; wie; wie se, waarop, waarmee, waarlangs, waardeur, op wie</i><ul style="list-style-type: none">○ Gebruik altyd die voornaamwoord WAT as dit op mense, diere of dinge betrekking het, bv. Die man WAT daar loop, is siek.○ WIE kan slegs saam met 'n voorsetsel gebruik word en dan verwys dit altyd na mense, bv. Die man met WIE ek praat, is my oom. Die seun WIE se boek ek geleen het, sit langs my in die klas.



	<ul style="list-style-type: none">• Aanwysende voornaamwoord = <i>hierdie; daardie; dié; sulke</i>• Onbepaalde voornaamwoord = <i>niemand; iets</i>• Onpersoonlike voornaamwoord = <i>dit (bv. Dit reën; natuurverskynsels)</i>• Wederkerende voornaamwoord = Bv. Ek skaam my. Hy misgis hom. Ek was myself. Hy benadeel homself• Wederkerige voornaamwoord = <i>mekaar</i> – Hulle groet mekaar; Die paartjie gee mekaar die regterhand.• Vraende voornaamwoord = <i>wie; wat; waar, wanneer; waarom; hoekom</i>
AKTIWITEITE/ ASSESSERING	<p>Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg. Jy kan ook 'n gesinslid vra om jou antwoorde te toets.</p> <p>Selfstandige Naamwoord</p> <p>Aktiwiteit 1 <i>Lees die onderstaande gedeelte deur en beantwoord dan die taalvrae wat daarop volg :</i></p> <p>Suid -Afrika het meer monumente onder die water as op land en die meeste van hierdie watermonumente is te vinde in 'n skeepsbegraafplaas langs die kus aan die suidpunt van Afrika.</p> <p>Die skepe, eens die trots van hul eienaars, lê nou die onder die golwe van die oseaan. Hulle lê nou en verrot in hul donker watergraf. Muntstukke, goue ringe, diamante en kosbare porselein word deur die sand op die seebodem bedek.</p> <p>Opdrag : Vorm nou <i>verkleinwoorde</i> van die vetgedrukte woorde in die leesstuk.</p> <p>Aktiwiteit 2 Gee die <i>meervoudsvorme</i> van die vetgedrukte woorde in die volgende sinne :</p> <p>2.1 Die Kaap se berugte wind het die grootste bydrae gelewer tot die “biblioteek”op ons seebodem.</p> <p>2.2 Die foto van die skeepswrak hang teen die kamer se muur.</p>



	<p>2.3 Waardevolle goed lê naby die skip se boeg begrawe.</p> <p>2.4 Die kind luister na die gedruis van die see.</p> <p>2.5 Die hoof van die vloot tree binnekort af.</p> <p>Voornaamwoord</p> <p>Aktiwiteit 1 Gebruik die <i>voornaamwoorde in die onderstaande tabel</i> om die sinne te voltooi:</p> <p style="text-align: center;">sy; haar; syne; hom; hare; u; jou; hy; daardie; wat; dit</p> <p>1.1 Die lugwaardin het aan die man gesê dat nie mag toelaat dat , groot tas by hou nie.</p> <p>1.2 Die dame mag egter handsak by hou.</p> <p>1.3 Die ou tannie sê dat die pille in die handsak is , op die reis moet drink.</p> <p>1.4 “ Maak asseblief sitplekgordels vas , “ sê die lugwaardin aan die passasiers.</p> <p>1.5 Handsakke, jasse, sambrele en leesstof word gratis vervoer as ‘n mens gedurende die reis by hou.</p> <p>1.6 Die lugwaardin sê aan die dame dat die sitplek by die venster is. Die onvriendelike man sê egter dat dit is.</p> <p>Aktiwiteit 2 Vorm die korrekte <i>voornaamwoorde</i> van die woorde tussen hakies :</p> <p>2.1 Dit is die tas (na wat) hy soek.</p> <p>2.2 Daar staan die passasier (vir wat) ons wag .</p> <p>2.3 Is dit die vliegtuig (met wat) ons gaan vlieg ?</p> <p>2.4 Hier is die tas (in wat) die ou dame se medisyne is.</p> <p>2.5 Is dit die deur (deur wat) ons na die ontvangslokaal moet gaan ?</p>
Bronne	Raadpleeg die gedeelte oor die woordsoorte (selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde) in jou taalhandboek en doen die vasleggingsoefeninge.
Memorandum van assesseringsaktiwiteit	Selfstandige naamwoord Aktiwiteit 1 : landjie / kussie / skepies / eienaartjies / watergraffies / muntstukkie / diamantjies / seebodempie



Aktiwiteit 2

- 2.1 bydraes, biblioteke
- 2.2 foto's, skepswrakke
- 2.3 goete / goeters / goedere, skepe, boeë
- 2.4 kinders
- 2.5 hoofde, vlote

Voornaamwoord

Aktiwiteit 1

- 1.1 sy , hy , sy , hom
- 1.2 haar , haar
- 1.3 sy , wat
- 1.4 u
- 1.5 dit , jou
- 1.6 hare , syne

Aktiwiteit 2

- 2.1 waarna
- 2.2 vir wie
- 2.3 waarmee
- 2.4 waarin
- 2.5 waardeur